basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2021

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie AFDELING. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) GEREAGEER OP DIE APARTHEIDSHERVORMINGS WAT IN 1983 DEUR PW BOTHA INGESTEL IS?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Noem TWEE apartheidswette in die bron wat PW Botha afgeskaf het terwyl hervormings aan die apartheidsbeleid aangebring het. (2 x 1) (2)

1.1.2 Verduidelik wat met die stelling, '… wat hy (PW Botha) in gedagte gehad het, nie hervorming was nie, maar eerder 'n herformulering (herstrukturering) van apartheid' geïmpliseer word. (1 x 2) (2)

1.1.3 Definieer die konsep *driekamerparlement* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy dink die swart meerderheid uit die nuwe wetgewing uitgesluit is. (2 x 2) (4)

1.1.5 Identifiseer VIER wetgewende magte in die bron wat die wit minister oor swart stedelike rade gehad het. (4 x 1) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Waarom, volgens die bron, het eerw. dr. Allan Boesak na die stigting van die UDF as 'n historiese oomblik verwys? Gee EEN rede. (1 x 2) (2)

1.2.2 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat die vergadering wat deur die UDF saamgeroep is, nie slegs 'n byeenkoms van losse individue was nie. (1 x 2) (2)

1.2.3 Verduidelik die betekenis van eerw. dr. Allan Boesak se stelling: 'Die tuislandbeleid vorm die basis van die moedswillige uitsluiting van 80% van ons nasie uit die nuwe politieke bedeling.' (2 x 2) (4)

1.2.4 Waarom sou 'n historikus hierdie bron as betroubaar beskou met betrekking tot die stigting van die UDF? (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik wat geïmpliseer word met die woorde op die plakkaat, 'MOENIE IN DIE APARTHEIDVERKIESINGS STEM NIE!', in die konteks van die UDF se weerstand teen die instelling van die driekamerparlement in 1983. (1 x 2) (2)

1.3.2 Lewer kommentaar op die slagspreek, 'VOORWAARTS NA VRYHEID' wat deur die UDF ondersteuners vasgehou word in die konteks van die weerstand teen PW Botha se apartheids-hervormings. (1 x 2) (2)

1.4 Verwys na Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1C die inligting in Bron 1B ondersteun met betrekking tot die UDF se interne weerstand teen apartheidshervormings in 1983. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik Bron 1D.

1.5.1 Identifiseer die kieserdeelname aan die verkiesings vir die driekamerparlement (in persentasies) vir die volgende gemeenskappe:

(a) Indiërs (1 x 1) (1)

(b) Kleurlinge (1 x 1) (1)

1.5.2 Verduidelik die term *boikot* in die konteks van die UDF se reaksie gedurende die verkiesings vir die driekamerparlement. (1 x 2) (2)

1.5.3 Waarom, dink jy, het twee-derdes van die wit kiesers, in 'n referendum wat in November 1983 gehou is, die grondwet ondersteun? (1 x 2) (2)

1.5.4 Lewer kommentaar op waarom die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake geglo het dat Botha se hervormings ' 'n stap in die regte rigting' was. (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die United Democratic Front gereageer het op die apartheidshervormings wat in 1983 deur PW Botha ingestel is. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD VAN DIE POLITIEKE AKTIVIS, GRIFFITHS MXENGE, HANTEER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Wie, volgens die bron, kon na vore kom om by die WVK aangehoor te word? (1 x 1) (1)

2.1.2 Definieer die konsep a*mnestie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.3 Waarom, dink jy, het die verhore by die WVK internasionale nuus geword? (1 x 2) (2)

2.1.4 Maak 'n lys van enige DRIE mandate van die WVK soos in die bron genoem. (3 x 1) (3)

2.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy dink die Menseregteskendingskomitee menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is, ondersoek het. (1 x 2) (2)

2.1.6 Noem TWEE voorwaardes, volgens die bron, waaraan oortreders van menseregteskendings moes voldoen voordat amnestie aan hulle toegestaan kon word. (2 x 1) (2)

2.2 Gebruik Bron 2B.

2.2.1 Waarom het die WVK besluit om hierdie plakkaat te ontwerp? (1 x 2) (2)

2.2.2 Lewer kommentaar op waarom jy dink die WVK die woorde, 'AS JOU MA GEMARTEL IS: PA VERMOOR IS … SOU JY STILBLY', in die konteks van die WVK-verhore op die plakkaat gebruik het . (2 x 2) (4)

2.2.3 Verduidelik die konsep *versoening* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Noem enige TWEE moordenaars in die bron wat van die moord op Griffiths Mxenge beskuldig is. (2 x 1) (2)

2.3.2 Waarom, dink jy, het Dirk Coetzee die ANC-kaders (soldate) betrek by (beskuldig van) die moord van Griffiths Mxenge? (2 x 2) (4)

2.3.3 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die moord van die anti-apartheidsaktivis, Griffiths Mxenge, ondersoek. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2C die inligting in Bron 2B ondersteun met betrekking tot die WVK se beroep op slagoffers en oortreders om by openbare verhore te verskyn. (2 x 2) (4)

2.5 Raadpleeg Bron 2D.

2.5.1 Identifiseer enige TWEE oortreders in die bron wat amnestie vir die moord op Griffiths Mxenge by die WVK ontvang het. (2 x 1) (2)

2.5.2 Haal TWEE redes uit die bron aan waarom die WVK amnestie aan die moordenaars van Griffiths Mxenge verleen het. (2 x 1) (2)

2.5.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Mxenge-familie teleurgesteld was met die WVK se besluit om amnestie vir die moord op Griffiths Mxenge toe te staan. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die moord van politieke aktivis, Griffiths Mxenge, hanteer het. (8)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE WÊRELDWYE COVID-19-PANDEMIE OP SUID-AFRIKA GEHAD?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Haal die uitwerking van die opkoms van globalisering op die volgende uit die bron aan:

(a) Die wêreld (1 x 1) (1)

(b) Mense (1 x 1) (1)

3.1.2 Volgens die bron, hoe is die vrye beweging van mense, goedere en dienste wat deur globalisering teweeggebring is:

(a) Voordelig vir die wêreld (1 x 1) (1)

(b) Nadelig vir die wêreld (1 x 1) (1)

3.1.3 Definieer die konsep *globalisering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe tegnologiese vordering bygedra het daartoe dat Covid-19 'n wêreldwye pandemie word. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Noem die internasionale organisasie wat die Covid-19-uitbreking tot 'n wêreldwye pandemie verklaar het. (1 x 1) (1)

3.2.2 Verduidelik die term *pandemie* in die konteks van Covid-19. (1 x 2) (2)

3.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom dit vir die Suid-Afrikaanse regering nodig was om maatreëls in te stel om die verspreiding van Covid-19 te bekamp. (2 x 2) (4)

3.2.4 Noem TWEE hoërisikolande in die bron waarop die Suid-Afrikaanse regering 'n reisverbod ingestel het. (2 x 1) (2)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Identifiseer EEN negatiewe ekonomiese aanwyser in die bron genoem, wat deur die Covid-19 pandemie vererger is. (1 x 1) (1)

3.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die Covid-19-pandemie baie swart vroue sonder enige manier om 'n inkomste te verdien, gelaat het. (2 x 2) (4)

3.3.3 Waarom, volgens die bron, is meer Suid-Afrikaners nou bang vir werkloosheid as vir die Covid-19 pandemie? Gee TWEE redes. (2 x 1) (2)

3.3.4 Gee TWEE redes in die bron genoem, waarom townships Covid-19-brandpunte geword het. (2 x 1) (2)

3.3.5 Verduidelik die beperkings van hierdie bron vir 'n student wat navorsing doen oor die ekonomiese impak wat die grendeltydperk op townships en informele nedersettings in Suid-Afrika het. (2 x 2) (4)

3.4 Lees Bron 3D.

3.4.1 Verduidelik wat die spotprenttekenaar met die byskrif, 'TUSSEN DIE DUIWEL EN DIE DIEP BLOU SEE', bedoel met betrekking tot die posisie van die armes. (1 x 2) (2)

3.4.2 Watter boodskappe word deur die spotprenttekenaar oorgedra met betrekking tot die Covid-19-pandemie? Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.5 Bestudeer Bron 3C en 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3C die bewyse in Bron 3D ondersteun met betrekking tot die impak wat die grendeltydperk op armes het. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik watter impak die wêreldwye Covid-19-pandemie op Suid-Afrika het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

Bespreek krities hoe Steve Biko en die filosofie van Swart Bewussyn swart Suid-Afrikaners gemobiliseer het om in die 1960's en 1970's die apartheidsregering uit te daag. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Verduidelik tot watter mate toegewydheid en kompromie sleutelrolle gespeel het om die onderhandelingsproses aan die gang te hou wat uiteindelik in 1994 tot 'n nuwe demokrasie in Suid-Afrika gelei het. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

Mikhail Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie (Perestroika en Glasnost) het vanaf 1989 tot die geboorte van 'n nuwe era van samewerking tussen die African National Congress (ANC) en die Nasionale Party in Suid-Afrika gelei.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2021

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

## VRAAG 1: HOE HET DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) GEREAGEER OP DIE APARTHEIDSHERVORMINGS WAT IN 1983 DEUR PW BOTHA INGESTEL IS?

### BRON 1A

Die bron hieronder verduidelik die redes waarom PW Botha, President van die Republiek van Suid-Afrika, in 1983 hervormings ingestel het.

… vroeg in 1983 het Botha probeer om die toenemende druk op die land te verminder deur stuksgewys 'n paar hervormings aan die apartheidsbeleid aan te bring sonder om wit minderheidsbeheer af te staan. Hy het, soos hy dit genoem het, 'verouderde' en 'onnodige' apartheidswette, soos die verbod op gemengde huwelike en seks oor die kleurgrens, afgeskaf om 'n nuwe beeld van hervorming (verandering) aan die wêreld voor te hou.

Dit het amper geslaag. Die Westerse moondhede, altyd gretig om die Suid-Afrikaanse omstandighede optimisties (positief) te lees, is vir 'n rukkie om die bos gelei om te glo dat Botha werklik besig was om apartheid af te skaf. Maar, by nadere ondersoek, toe Botha die grondwetlike veranderinge bekend stel wat hy beoog het om te maak, het dit duidelik geword dat wat hy in gedagte gehad het, nie hervorming was nie, maar eerder 'n herformulering (herstrukturering) van apartheid. Hy het sy plan uiteengesit om 'n driekamerparlement te stig, waarin die gemengde ras 'Kleurling'- en Indiër-minderhede afsonderlike kamers sou hê om wette oor hul 'eie sake' te maak, terwyl die bestaande, veel groter, slegs-wit-Volksraad beide 'wit aangeleenthede' en die nasie se 'algemene sake' sou hanteer.

Die groot swart meerderheid sou intussen niks kry nie behalwe die reg om in hulle afgeleë stam-Bantoestans te stem, en die munisipale rade sou hulle aparte swart townships in sogenoemde 'wit' Suid-Afrika bestuur. Maar selfs hierdie stadsrade was nie onafhanklik (vry) nie. Die wetgewing het die wit minister in staat gestel om lede te verwyder, ander aan te stel, of om die hele raad af te dank en 'n nuwe een aan te stel. Dit het beteken dat swart stadsrade regeringsbeleid moes implementeer eerder as om aan hulle kiesers se wense gehoor te gee.

[Uit *Tutu – The Authorised Portrait* deur A Sparks en MA Tutu]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat op 20 Augustus 1983 deur eerw. dr. Allan Boesak by die stigting van die United Democratic Front (UDF) in die Rocklands-gemeenskapsaal in Mitchells Plain gelewer is. Dit fokus op die stigting en doelstellings van die UDF.

Ons het by 'n historiese oomblik aangekom. Ons het, onder beskerming van die United Democratic Front (UDF), die breedste en belangrikste koalisie van groepe en organisasies byeengebring wat sedert die vroeë negentien vyftigs teen apartheid, rassisme en onregverdigheid veg.

Ons het daarin geslaag om eenheid onder vredeliewende mense te skep wat hierdie land in baie jare nie ervaar het nie. Ek is besonder bly om te sien dat hierdie vergadering nie 'n blote samekoms van losse individue is nie. Nee, ons verteenwoordig organisasies wat diep in die stryd om geregtigheid, diep in die hart van ons mense, gewortel is.


Ons is hier om te sê dat die regering se grondwetlike voorstelle onvoldoende is en dat dit nie die wil van die oorgrote meerderheid van Suid-Afrika se mense uitdruk nie.

… Die belangrikste rede vir ons byeenkoms hier vandag, is die voorsetting van die regering se apartheidsbeleide, soos in die grondwetlike voorstelle gesien word. … Al die basiese wette, wat die ware pilare van apartheid is, inteendeel daardie wette waarsonder die stelsel nie kan oorleef nie – groepsgebiede, rasseklassifikasie, aparte en ongelyke onderwys, om maar net 'n paar te noem – bly onaangeraak en onveranderd. Die tuislandbeleid vorm die basis van die moedswillige uitsluiting van 80% van ons nasie uit die nuwe politieke bedeling. Dit is duidelik dat die onderdrukking sal voortgaan, die apartheidslyn is glad nie alles afgeskaf nie.

[Uit *RUNNING WITH HORSES – REFLECTIONS OF AN ACCIDENTAL POLITICIAN* deur A Boesak]

**BRON 1C**

Die plakkaat hieronder, in 1983 deur die UDF gepubliseer en versprei, is gemik op Botha se oproep om verkiesings vir 'n driekamerparlement. Dit het alle wit, Kleurling en Indiër Suid-Afrikaners aangemoedig om nie aan die apartheidverkiesings deel te neem nie.




[Uit https://www.saha.org.za/udf/don't_vote_in_apartheid_elections_forward_to_freedom.htm. Toegang op 25 Februarie 2021 verkry.]

**MOENIE IN DIE APARTHEID-VERKIESINGS STEM NIE!**

**VOORWAARTS NA VRYHEID!**

**BRON 1D**

Die bron hieronder, geneem uit 'n koerantartikel met die titel 'Indian Turnout about 20% in South African Elections' ('Indiër-deelname aan Suid-Afrikaanse Verkiesings ongeveer 20%'), is op 29 Augustus 1984 deur Allister Sparks vir die *Washinghton Post* geskryf. Dit verduidelik waarom daar in 1984 lae deelname deur beide Indiërs en Kleurlinge aan die driekamerverkiesings was.

Dit blyk asof ongeveer 20 persent van die geregistreerde kiesers in Suid-Afrika se Indiër-gemeenskap vandag in die verkiesing vir 'n nuwe parlement gestem het. Dit is deur sporadiese geweld tussen boikotters en die polisie in sommige stede gekenmerk.

Die resultate vanaand beskikbaar, dui daarop dat lede van die Indiër-gemeenskap, wat 870 000 mense sterk is, in selfs groter getalle as die Kleurling-kiesers in verlede week se stemmery vir verteenwoordigers in die rasgeklassifiseerde driekamerparlement van die stembusse weggebly het.

Die groter Kleurling-gemeenskap se deelname aan die verkiesing was 30 persent. Die regering het daardie syfer aanvaarbaar verklaar om voort te gaan met planne om hulle nuwe grondwet te implementeer, maar ander waarnemers het dit as 'n afjak (weiering) beskou.

Aangesien baie mense wat kon stem, nie geregistreer het nie, spesifiek onder die Kleurlinge, het leiers van die boikotbeweging vanaand beweer dat die effektiewe stem in die twee verkiesings ongeveer 18 persent uit 'n gesamentlike bevolking van 3,5 miljoen was. Die beweging het gesê dat dit 'n 'massiewe verwerping' van die wit minderheidsregering se nuwe grondwet was, wat die Kleurling- en Indiër-minderheidsgroepe vir die eerste keer parlementêre verteenwoordiging gebied het, maar voortgaan om die swart Afrika-meerderheid uit te sluit.

Wit kiesers het verlede November met 'n referendum die grondwet met 'n tweederdemeerderheid goedgekeur en die Amerikaanse Departement van Buitelandse Sake het die regering van President PW Botha geprys vir ' 'n stap in die regte rigting' geneem.

[Uit *Washington Post,* 29 Augustus 1984]

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD VAN DIE POLITIEKE AKTIVIS, GRIFFITHS MXENGE, HANTEER?**

**BRON 2A**

Die uittreksel hieronder fokus op die redes vir die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in 1995.

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) was 'n liggaam, soos 'n hof, wat na die einde van apartheid in Suid-Afrika saamgestel is. Enigiemand wat gevoel het dat hulle 'n slagoffer van geweld was, kon na vore kom en by die WVK aangehoor word. Oortreders van geweld kon ook getuienis lewer en amnestie van vervolging versoek. Die verhore was in die internasionale nuus en baie sessies is op nasionale televisie uitgesaai. Die WVK was 'n deurslaggewende komponent van die oorgang na 'n volle en vrye demokrasie in Suid-Afrika en, ten spyte van 'n paar leemtes, word dit oor die algemeen as baie suksesvol beskou.


Die mandaat van die kommissie was om getuie te wees, rekord te hou en, in sommige gevalle, die oortreders van misdade wat met menseregteskendings, reparasie (vergoeding) en rehabilitasie verband gehou het, amnestie te gee.

Die werk van die WVK is verrig deur drie komitees: die Menseregteskendings(MRS)-komitee het menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is, ondersoek; die Vergoeding-en-Rehabilitasie-(RR)-komitee is toevertrou met die herstel van slagoffers se waardigheid en om voorstelle te formuleer om met rehabilitasie te help en die Amnestiekomitee het aansoeke om amnestie oorweeg wat volgens die bepalings van die Wet versoek is. Teoreties is die kommissie bemagtig om amnestie toe te staan aan diegene wat van gruweldade tydens apartheid aangekla is, solank daar aan twee voorwaardes voldoen is: die misdade was polities gemotiveerd en die volle waarheid is deur die persoon wat om amnestie aansoek gedoen het, gepraat. Niemand is van 'n aanklag gevrywaar nie.

[Uit: Du Toit, F, et al. 2006. *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years On* (David Philip)]

**BRON 2B**

Die plakkaat hieronder is deur die WVK vervaardig. Dit nooi beide oortreders en slagoffers om voor die WVK te verskyn en te getuig oor menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is.




[Uit http://www.saha.org.za/news/2014/September/gallery trc posters.htm. Toegang op 30 Mei 2021 verkry.]

**WAARHEID. DIE PAD NA VERSOENING**

| | |
|---|---|
| **AS JOU MA GEMARTEL IS:<br>PA VERMOOR IS<br>EN KINDERS ONTVOER IS,<br>SOU JY STILBLY** | **LAAT ONS REGUIT MET MEKAAR PRAAT.<br>DEUR DIE WAARHEID TE PRAAT.<br>DEUR ONS STORIES VAN DIE VERLEDE TE VERTEL, SODAT ONS SAAM DIE PAD NA VERSOENING KAN STAP.** |

**BRON 2C**

Die uittreksel hieronder is deel van die getuienis wat Dirk Coetzee, moordbende-bevelvoerder by Vlakplaas, by die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) se openbare verhoor oor die moord van politieke aktivis Griffiths Mxenge gegee het. Die verhoor is op 5 November 1996 in Durban gehou.

**MNR. JANSEN:** Het jy die spanlede enige bevele gegee sover dit die metodes waarop die moord gepleeg moes word, aangaan?

**MNR. DIRK COETZEE**: Ja, ek het, mnr. die Voorsitter. Ek het gesê dat hulle spesifiek nie gewere moes gebruik nie, en dit moes soos 'n rooftog lyk, en daar is op messe besluit, dat mnr. Mxenge met messe vermoor sou word.

**MNR. JANSEN:** Het jy hulle enige verdere bevele gegee oor hoe hulle te werk moes gaan om daardie doel te bereik?

**MNR. DIRK COETZEE**: Hulle het sy motor weggeneem, hulle het dit in die parkeer-terrein tussen CR Swart-plein en die landdroshof geparkeer … en ek het vertrek. Ek het toe na Adjudant-Offisier Paul van Dyk en Konstabel Braam du Preez gegaan, wat ek beveel het om mnr. Mxenge se motor te neem en na die Golela-grenspos te vertrek … Ek is toe na … Brigadier Van der Hoven … en het aan hom verslag gedoen … dat mnr. Mxenge vermoor is. Ek het gesê dat volgens 'n verslag aan my die enigste mense wat mnr. Mxenge gesteek het Joe Mamasela, Almond Nofomela en David Tshikalanga was.

**MNR. JANSEN:** En van wie op hoofkantoor sou daardie opdrag waarskynlik gekom het?

**MNR. DIRK COETZEE**: Hy het vir my gesê dat die opdragte van Brigadier Skoon … kom.

**MNR. JANSEN:** En wat was die doel daarvan om die motor naby die Swaziland-grens te verbrand?

**MNR. DIRK COETZEE:** Om die indruk te skep dat die moord deur ANC-kaders, as gevolg van 'n stryery, gepleeg is ... en toe vlug hulle terug na Swaziland en verbrand die motor voordat hulle die grens oorsteek.

[Uit www.justice.gov.za/trc/report/. Toegang op 30 Mei 2021 verkry.]

**BRON 2D**

Die bron hieronder is geneem uit 'n koerantartikel met die titel, 'Coetzee Gets Amnesty for Mxenge Murder' ('Coetzee Kry Amnestie vir Mxenge-moord') wat op 4 Augustus 1997 in die *Mail & Guardian* verskyn het. Dit fokus op die uitkoms van die amnestieaansoek deur Dirk Coetzee en sy twee medepligtiges.

**COETZEE KRY AMNESTIE VIR MXENGE-MOORD**

4 Aug. 1997

MAANDAG
Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) het Maandag amnestie aan die gewese bevelvoerder van die Vlakplaas-polisiemoordbende, Dirk Coetzee, en twee medepligtiges vir die November 1981-moord op die Durbanse menseregteprokureur, Griffiths Mxenge, verleen. Coetzee en twee gewese Vlakplaas-speurders, David Tshikilanga en Almond Nofomela, is op 15 Mei aan Mxenge se moord in die Durbanse Hoogsgeregshof skuldig bevind. Daar is verwag dat hulle Vrydag gevonnis sou word.

Gegewe die besonderhede van hulle uitspraak, het die WVK se amnestiekomitee gesê dat daar geen twyfel was dat Coetzee op die 'advies, opdrag of bevel van een of meer senior lede van die veiligheidstak van die gewese SA Polisie' opgetree het nie.

'Volgens die bewyse voor ons is ons tevrede dat geeneen van die aansoekers die oorledene, Mxenge, geken het of enige rede gehad het om sy dood te veroorsaak voordat hulle beveel is om dit te doen nie,' het die komitee gesê. 'Ons is tevrede dat hulle gedoen het wat hulle gedoen het omdat hulle dit as hulle plig as polisiemanne beskou het wat in die stryd teen die ANC en ander bevrydingsorganisasies gewikkel was.'

Intussen het Mxenge se familie Maandag aangekondig dat hulle die Hoogsgeregshof gaan vra om die amnestie om te keer. Dr. Fumbatha Mxenge, 'n tandarts van Port Elizabeth en broer van Griffiths, het gesê dat die familie deur die WVK se besluit teleurgestel, maar nie verras is nie. 'Ons sal hierdie besluit teenstaan. Ons gaan dit laat ondersoek. Julle het nie die laaste hiervan gehoor nie,' het Mxenge gesê.

[Uit *Mail & Guardian*, 4 Augustus 1997]

## VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE WÊRELDWYE COVID-19-PANDEMIE OP SUID-AFRIKA GEHAD?

### BRON 3A

Die bron hieronder is geneem uit 'n artikel geskryf deur S Kitenge met die titel 'Globalisation and the Covid-19 pandemic: How is Africa's economy impacted?' ('Globalisering en die Covid-19-pandemie: Hoe word Afrika se ekonomie beïnvloed?'). Dit fokus op hoe globalisering tot die verspreiding van Covid-19 bygedra het.

Sedert die opkoms van globalisering is die wêreld in nouer kontak met mekaar en mense kan maklik met mekaar omgaan sonder enige ernstige hindernisse. Dit is beide voordelig en nadelig (negatief) vir die sosiale, politieke en ekonomiese sfere sover dit die welstand van mense betref. Die vrye beweging van mense, goedere en dienste wat deur globalisering teweeggebring is, het sosio-ekonomiese ontwikkeling gestimuleer, maar dit het ook 'n kanaal vir die verspreiding van siektes geword. As gevolg van die tegnologiese ontwikkelings wat met globalisering geassosieer word, het 'n uitbreking, soos Covid-19, in 'n grootskaalse pandemie ontaard wat mense regdeur die wêreld, ongeag hulle geografiese ligging, affekteer. Volgens K Lee word globalisering gedefinieer as die 'veranderende aard van menslike omgang/interaksie oor 'n breë spektrum wat ekonomiese, politieke, sosiale, tegnologiese en omgewingsfere insluit ... Die proses van verandering kan as globalisering beskryf word in die sin dat die grense van verskillende soorte besig is om te verswak'.

Dit is dus redelik om aan te voer dat globalisering, wat vrye beweging van mense van verskillende stede, lande en kontinente moontlik gemaak het, die hoofbron van die verspreiding van Covid-19 regoor die wêreld is. Dit is eenvoudig omdat tegnologiese vordering, wat een van die grootste kragte van globalisering is, dit vir mense makliker gemaak het om oor land, see en lug te reis, van een deel van die wêreld na 'n volgende, sonder enige hindernisse. Indien reisigers 'n siekte, soos Covid-19, in stad of land (A) opgedoen het, kan hulle dit maklik na 'n voorheen onbesmette stad of land (B) versprei ...

[Uit https://www.policycenter.ma/sites/default/files/PB_20-37_Seleman.pdf. Toegang op 30 Mei 2021 verkry.]

**BRON 3B**

Die bron hieronder is deel van 'n toespraak wat op 15 Maart 2020 deur President Cyril Ramaphosa gelewer is. Die toespraak gaan oor die maatreëls wat ingestel moes word om die verspreiding van Covid-19 in Suid-Afrika te beveg.

Mede-Suid-Afrikaners, ek praat vanaand met julle oor 'n saak van groot nasionale belang. Die wêreld staan voor 'n mediese noodsituasie wat baie ernstiger is as wat ons in meer as 'n eeu ondervind het. Die Wêreldgesondheidsorganisasie het die koronavirusuitbreking tot 'n globale pandemie verklaar. Meer as 162 000 mense van regoor die wêreld het nou al vir die koronavirus positief getoets. Gegewe die skaal en die spoed waarteen die virus versprei, is dit nou duidelik dat geen land teen die siekte immuun (veilig) is nie of dat hulle die ernstige impak daarvan sal vryspring nie.

Vanaf die begin van die uitbreking in China vroeër hierdie jaar, het die Suid-Afrikaanse regering maatreëls ingestel om besoekers wat die land binnekom, te ondersoek ('screen') om die verspreiding van die virus te stuit en om diegene wat besmet is, te behandel. Suid-Afrika het tans 61 bevestigde gevalle van mense wat met die virus besmet is, en na verwagting sal hierdie getal in die komende dae en weke styg.

Na 'n uitgebreide analise van die verspreiding van die virus wêreldwyd en in Suid-Afrika, het die Kabinet op die volgende maatreëls besluit:

Eerstens, om kontak tussen persone wat moontlik besmet is en Suid-Afrikaanse burgers te beperk, stel ons vanaf 18 Maart 2020 'n reisverbod in op buitelanders vanaf hoërisikolande, soos Italië, Iran, Suid-Korea, Spanje, Duitsland, Amerika, die Verenigde Koningryk en China. Suid-Afrikaanse burgers word aangeraai om hulle van alle vorme van reis ná of van die Europese Unie, Amerika, die Verenigde Koningryk en ander geïdentifiseerde hoërisikolande, soos China, Iran en Suid-Korea, te weerhou.

Die waarheid is dat ons voor 'n ernstige noodsituasie staan.

Maar as ons saam optree, as ons nou optree, en as ons daadwerklik optree, sal ons dit oorwin.

Ek bedank julle.

[Uit https://www.gov.za/speeches/statement-president-cyril-ramaphosa-measures-combat-Covid-19 -epidemic-15-mar-2020-0000. Toegang op 6 Junie 2021 verkry.]

**BRON 3C**

Die bron hieronder is deel van 'n artikel wat Vuyokazi Futshane (projekbeampte van Oxfam Suid-Afrika) vir die aanlyn tydskrif, *The Conversation*, geskryf het. Dit fokus op die ekonomiese impak wat die grendeltydregulasies in Suid-Afrika het.


Armoede en ongelykheid is deur die Covid-19-pandemie vererger. Toe Suid-Afrika op 26 Maart 2020 'n streng grendeltydperk betree het, het baie informele werkers en ongereelde werkers hulleself sonder enige manier om 'n inkomste te verdien, bevind. Baie van hierdie werkers is swart vroue, wie se families vir oorlewing van hulle afhanklik is. Die National Income Dynamics Coronavirus Rapid Mobile Survey het beraam dat ongeveer drie miljoen mense hulle werk verloor het as gevolg van die pandemie en die amptelike werkloosheidsyfer staan nou op 'n skokkende hoë vlak van 30,1%. Suid-Afrikaners is nou banger vir werkloosheid as vir die koronavirus: werkloosheid is meer as 'n staat van werkloosheid, dit beteken om bekommerd te wees oor of jy daaglikse basiese noodsaaklikhede sal kan bekostig, hoe om kinders skool toe te stuur, hoe om gesond en gevoed te bly en dit beteken om bekommerd te wees oor hoe om toegang tot gesondheidsorg te kry indien enigiets sou gebeur …

Townships en informele nedersettings waarvan die demografiese profiel oorwegend swart mense en mense van kleur is, wat werk verrig waar hulle swak besoldig word, wat hulle risiko op blootstelling aan Covid-19 verhoog, het Covid-19-brandpunte geword. Dit is weens die dinamiek, soos ruimtelike beplanning, wat die nalatenskap van apartheid is, soos die Groepsgebiedewet van 1950 waar swart en nie-blanke Suid-Afrikaners geforseer is om in gebiede buite groot stede en ekonomiese sentrums te hervestig. Hierdie gebiede is steeds grootliks onderontwikkeld, oorbevolk, het swak sanitasiegeriewe, 'n tekort aan lopende water in baie laeinkomste-gemeenskappe en 'n swak gestruktureerde openbare gesondheidsorgstelsel. Die pandemie ontbloot hoe die verskillende ongelykheidsfaktore voortdurend die verwoestende impak van Covid-19 verskerp.

[Uit https://theconversation.com/covid-19-has-hurt-some-more-than-others-south-africa-needs-policies-that-reflect-this-151923. Toegang op 26 Mei 2021 verkry.]

**BRON 3D**

Die spotprent hieronder, deur H Mangena, het op 21 April 2020 in 'n aanlyn publikasie van die African News Agency verskyn. Die spotprent beklemtoon die uitdagings van die armes as gevolg van die Covid-19-pandemie.




[Uit https://jcom.sissa.it/sites/default/files/documents/JCOM_1907_2020_A08.pdf. Toegang op 30 Mei verkry.]

**TUSSEN DIE DUIWEL EN DIE DIEP BLOU SEE**

**DIE ARMES**

**ARMOEDE EN HONGERSNOOD**

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Boesak, A. 2009. *RUNNING WITH HORSES – REFLECTIONS OF AN ACCIDENTAL POLITICIAN* (Joho Uitgewers, Kaapstad)

Du Toit, F, et al. 2006. *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years On* (David Philip)

http://www.saha.org.za/news/2014/September/gallery trc posters.htm

https://jcom.sissa.it/sites/default/files/documents/JCOM_1907_2020_A08.pdf

https://theconversation.com/covid-19-has-hurt-some-more-than-others-south-africa-needs-policies-that-reflect-this-151923

https://www.gov.za/speeches/statement-president-cyril-ramaphosa-measures-combat-Covid-19-epidemic-15-mar-2020-0000

https://www.policycenter.ma/sites/default/files/PB_20-37_Seleman.pdf

https://www.saha.org.za/udf/don't_vote_in_apartheid_elections_forward_to_freedom.htm

*Mail & Guardian*, 4 Augustus 1997

Sparks, A en Tutu, MA. 2011. *Tutu – The Authorised Portrait* (Macmillan, Johannesburg)

*Washington Post,* 29 Augustus 1984

www.justice.gov.za/trc/report/

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2021

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 27 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30% (15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40% (20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30% (15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

  ___________ •_______________________________________________
  _________________•___________________________• _______________
  √√√√ Vlak 2

**KOMMENTAAR**
Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoud-seleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

Kopiereg voorbehou 

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante <u>inleiding</u> (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke <u>hoofaspek/liggaam</u> van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante <u>slotopmerking</u> (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte in die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole **MOET** gebruik word in die assessering van 'n opstel:

| | |
|---|---|
| • Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | ^ |
| • Verkeerde stelling | ________________ |
| • Irrelevante stelling | \|<br>\|<br>\| |
| • Herhaling | R |
| • Analise | A√ |
| • Interpretasie | I√ |
| • Argument | LOA ↕ |

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Vraag herkenbaar in antwoord.
Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoud-seleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

## * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoud-seleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) REAGEER OP DIE APARTHEID HERVORMINGS WAT DEUR PW BOTHA IN 1983 INGESTEL WAS?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - V1]*
- 'gemengde huwelike'
- 'seks oor kleurgrens' (2 x 1) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*
- PW Botha se doelwit was nie om apartheid af te skaf nie, maar om dit op 'n ander manier te versterk/opknap/hernu/herstruktureer
- PW Botha se doelwit was om te verseker dat die wit minderheid politieke mag behou
- PW Botha wou die indruk skep dat die minderheidsgroepe ingesluit was by die magsdelingregering
- PW Botha se voorgestelde veranderings was kunsmatig omdat wittes nog steeds 'wit sake' hanteer het en ook 'n sê gehad het oor meerderheidsake
- PW Botha wou apartheid minder diskriminerend aan die buiteland voorgestel het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 1A - V1]*
- Die driekamerparlement was 'n driekamerparlement vir wittes, Kleurling- en Indiër-verteenwoordigers terwyl Afrikane uitgesluit was.
- Die Driekamerparlement het drie aparte kamers gehad waar Kleurlinge en Indiërs verteenwoordigers oorreed was om te glo dat hulle hul eie sake kan hanteer terwyl wittes 'al' die ander sake hanteer het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron1A – V2]*
- Voorsiening is gemaak vir hulle om in die Bantoestans/munisipale/plaaslike stadsrade te stem/Die Nasionale Party het politieke regte vir hulle in die Bantoestan gegee
- Indien ingesluit sou hulle die wit kiesers, wat in die minderheid was, uitgestem het
- Indien ingesluit sou hulle die apartheidswette verander en ongelykheid aangepak het
- Afrikane sou nie vir hul regte kon veg nie
- Om wit voorregte te beskerm
- Om weerstand teen apartheid te verswak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'lede verwyder'
- 'ander aan te stel'
- 'die hele raad af te dank'
- 'n nuwe een aan te stel' (4 x 1) (4)

1.2
1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- ‘onder beskerming van die United Democratic Front (UDF), die breedste en belangrikste koalisie van groepe en organisasies byeengebring wat sedert die vroeë negentien vyftigs teen apartheid, rassisme en onregverdigheid veg.’
- ‘ons het daarin geslaag om eenheid onder vredeliewende mense te skep wat hierdie land in baie jare nie ervaar het nie.’
- ‘...ons verteenwoordig organisasies wat diep in die stryd om geregtigheid, diep in die hart van ons mense, gewortel is.’ (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- '… ons verteenwoordig organisasies wat diep gewortel is in die stryd om regverdigheid'
- ‘eenheid onder vredeliewende mense’ (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron1B – V2]*
- Afrikane wat in die meerderheid in Suid-Afrika was (omtrent 80%) was uit die driekamerparlement uitgesluit
- Daar sou vir Afrikane voorsiening gemaak word deur middel van die tuislandbeleid
- Die apartheidsbeleid van verdeel en regeer, is handhaaf
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Vasstelling van betroubaarheid van Bron 1B – V3]*
**Die bron is betroubaar omdat:**
- Die toespraak is gelewer deur Allan Boesak wat een van die leiers van die UDF was
- Die toespraak is gelewer op 20 Augustus 1983 wat ook die datum van die stigting van die UDF was
- Dit beklemtoon die redes vir die stigting van die UDF wat 'n reaksie was op die instelling van apartheidshervormings en die stigting van die driekamerparlement
- Die informasie in die bron kan met ander bronnne bevestig word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3
1.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron1C – V2]*
- Wit, Kleurling- en Indiër-kiesers is aangemoedig om die driekamer-parlementverkiesing te boikot
- Die UDF se MOENIE STEM-veldtog is geloods as bewusmaking dat die driekamerparlementverkiesings apartheid sal voortsit ongeag die 'voorgestelde veranderings'
- Die verkiesing is beskou as apartheidverkiesing omdat swartes uitgesluit was van deelname aan hierdie verkiesings
- Die UDF het die ‘verdeel en regeer’ strategie van die apartheid regering ontmoedig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron1C - V2]*

- Die slagspeek speel sin daarop dat die Driekamerparlement nie vryheid sal verskaf nie
- Die UDF sou deur middel van protesaksie vryheid verwerf
- Mense moet gemobiliseer word/saamstaan in sterkte om vryheid te bekom
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1B en 1C om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun – V3]*

- Bron 1B praat van die eenheid van vredeliewende mense en Bron 1C wys die eenheid van mense uit alle lewensterreine van die samelewing op die plakkaat oor die weerstand teen apartheid
- Bron 1B noem koalisiegroepe en organisasies wat die UDF gestig het en 1C wys dat die UDF 'n beroep op hierdie mense en organisasies doen om nie in die apartheidverkiesing te stem nie
- Bron 1B noem dat die UDF gestig is om apartheid teen te staan en Bron 1C wys dat Suid-Afrikaners apartheid teen staan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5

1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

a)

- Indiërs – '20%' (1 x 1) (1)

b)

- Kleurlinge – '30%' (1 x 1) (1)

1.5.2 *[Verduideliking van 'n histories konsep uit Bron 1D – V2]*

- Beroep deur die UDF dat mense nie stem nie en wegbly van die verkiesings vir die driekamerparlement
- Weg te bly van die stembusse omdat hulle nie ten gunste was van die Driekamerparlement nie omdat dit voortgegaan het met die implementering van apartheid.
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron1D – V2]*

- Om hul heersende mag te behou
- Om hul wit voorregte te behou
- Om hul wit oorheersing te behou
- Die driekamergrondwet het hul voorregte beskerm
- Wittes was gekant teen gelykheid tussen swartes en wittes
- Om te voorkom dat Suid-Afrika as ‘n uitgeworpene staat beskryf word/Om terug in die internasionale gemeenskap aanvaar te word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron1D – V2]*

- Die VSA het 'in die geheim' Suid-Afrika ondersteun, daarom het hulle Botha se hervormings as 'n positiewe ontwikkeling verwelkom
- Die VSA is eintlik om die bos gelei deur Botha se truuks met herstrukturering van apartheid
- Amerika se Departement van Buitelandse Sake het PW Botha geluk gewens met die insluiting van Indiërs en Kleurlinge by die nuwe parlement as 'n manier om apartheid te verander
- Amerika se Departement van Buitelandse Sake het gevoel dat die insluiting van Indiërs en Kleurlinge die korrekte stap na demokrasie was
- Amerika se Departement van Buitelandse Sake het gevoel dat Botha die beleid van apartheid hervorm
- Die VSA het 'hervormings' as 'n manier beskou om die verspreiding kommunisme in Suid- Afrika te voorkom
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Toe die UDF in 1983 gestig is, moes dit opposisie teen die Nasionale Party-regering se hervormings koördineer ( Bron 1A)
- Die UDF is op 20 Augustus 1983 gestig om die instelling van die driekamerparlement teen te staan (Bron 1B)
- Die stigting van die UDF was 'n deurslaggewende gebeurtenis in die geskiedenis vir die stryd vir vryheid en demokrasie in Suid-Afrika (Eie kennis)
- In sy toespraak het dr. Allan Boesak die eenheid van die koalisiegroep en organisasies in die stryd teen apartheid, rassisme en ongeregtigheid beklemtoon. (Bron 1B)
- By die stigting het dr. Allan Boesak 'n beroep gedoen vir die verwerping van die regering se grondwetlike voorstelle (Bron 1B)
- Die UDF het 'n 'MOENIE STEM IN APARTHEIDVERKIESING NIE-veldtog begin (Bron 1C)
- Die UDF het 'n platform geskep waar gewone mense hulle saak kon stel (Eie kennis)
- Indiër en Kleurling gemeenskappe het die driekamerparlementverkiesing geboikot wat aanleiding gegee het tot 'n swak stemdeelname (Bron 1D)
- Allister Sparks het die swak deelname as 'n groot verwerping van die regering se nuwe grondwet beskou (Bron1D)
- Die UDF het die 'miljoen handtekening' veldtog geloods/ 'n versoekskrif om bewuswording te skep en om die Driekamerparlement te verwerp (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die United Democratic Front (UDF) op die apartheidshervormings wat in 1983 deur PW Botha ingestel is, reageer het**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe die United Democratic Front (UDF) op die apartheidshervormings wat in 1983 deur PW Botha ingestel, reageer het**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die United Democratic Front (UDF) op die apartheidshervormings wat in 1983 deur PW Botha ingestel, reageer het**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORD VAN DIE POLITIEKE AKTIVIS, GRIFFITHS MXENGE, HANTEER?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*
- ‘Enigiemand wat gevoel het dat hulle 'n slagoffer van geweld was’
- ‘Oortreders van geweld kon ook getuienis lewer en amnestie van vervolging versoek' (enige 1 x 1) (1)

2.1.2 *[Definisie van ʼn historiese konsep uit Bron 2A - V1]*
- Amptelike kwytskelding vir politieke misdade wat gedurende apartheid gepleeg is in ruil vir die bekendmaking van die volle waarheid en politieke motiewe
- Kwytskelding van vervolging vir oortreders wat getuienis oor menseregte-skendings lewer waar bewys kan word dat dit polities gemotiveerd was
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron2A – V2]*
- Dit was nuuswaardig/en van internasionale belang
- Die internasionale gemeenskappe wou sien hoe Suid-Afrika gewelddadigheid van die verlede gaan hanteer
- Die internasionale gemeenskappe wou sien of die herstellende geregtigheidstelsel wat die WVK wou gebruik, gaan werk
- Die internasionale gemeenskappe was bekommerd oor hoe die proses in Suid-Afrika gaan verloop
- Die internasionale gemeenskappe wou sien hoe Suid-Afrika oortreders gaan hanteer wat gru menseregteskendings gepleeg het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*
- 'om getuie te wees'
- 'rekord'
- ‘die oortreders van misdade wat met menseregteskendings verband gehou het, amnestie te gee’
- ‘reparasies en rehabilitasie' (enige 3 x 1) (3)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron2A – V2]*
- 1960 was 'n keerpunt in die geskiedenis van Suid-Afrika omdat na die Sharpeville-slagting het die NP begin om wrede motodes teen die aktiviste van die bevrydingsorganisie te gebruik.
- Vanaf 1960 het die bevrydings stryd ondergronds gegaan terwyl die apartheid regering oorgegaan het tot menseregteskending om die stryd te onderdruk
- 1994 was ook 'n keerpunt belangrik vir die einde van apartheid en die begin van 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika
- Die hoogste aantal moorde as gevolg van politieke geweld het gedurende hierdie tydperk geskied
- Die WVK het beperkte hulpmiddele gehad en is 'n mandaat gegee om misdade wat tussen 1960 en 1994 gepleeg is,te ondersoek
- Enige ander relevante antwoord (enige1 x 2) (2)

2.1.6 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A - V1]*

- 'Die misdade was polities gemotiveer'
- ‘die volle waarheid is deur die persoon wat om amnestie aansoek gedoen het, gepraat' (2 x 1) (2)

2.2

2.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron2B – V2]*

- Om mense (slagoffers en oortreders) aan te moedig/beroep doen/uitnooi om na vore te kom en hul stories van menseregteskendings te vertel
- Om 'n rekord van menseregteskendings wat gedurende die apartheids-regime gepleeg is, op te stel
- Om 'n geleentheid vir slagoffers te skep om na vore te kom om te praat oor die aard en die mate van leed wat hulle gely het sodat hulle vergoed kan word en hul waardigheid herstel word.
- Om te wys dat die regering verbind was tot die genesing van wonde van geweldsdade wat gedurende apartheid gepleeg is
- Om versoening tussen oortreders en slagoffers in Suid-Afrika te bevorder
- Om mense van die werk van die WVK bewus te maak
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron2B - V2]*

- Om slagoffers aan te moedig om nie stil te bly oor enige menseregteskendings wat teen sy/haar familie gepleeg is nie
- Moord, ontvoering en marteling is beskou as menseregteskendings wat die WVK wou bekend maak
- Slagoffers van menseregteskendings soos moord en marteling moet nie stilbly en in stilte ly nie
- Om slagoffers van menseregteskendings aan te moedig om na vore te kom en hul stories by die WVK te vertel
- Deur daaroor te praat /na die waarheid te soek, kan slagoffers afsluiting vind
- Die regering wou seker maak dat sulke menseregteskendings nie weer gebeur nie
- Om empatie uit te lok deur hul stories te deel
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Verduideliking van 'n historiese term binne die konteks van die WVK uit Bron 2B – V2]*

- Die omstandighede waarin die slagoffers en oortreders van menseregte-skendings in harmonie/vriendlike verhoudings/herstel van gebroke verhoudings tusse slagoffers en oortreders en vrede sal lewe
- Die proses waardeur slagoffers van menseregteskendings oortreders sal vergewe wat onderneem het om die volle waarheid van menseregte-skendings wat hulle gepleeg het, te onthul
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- 'Joe Mamasela'
- 'Almond Nofomela'
- 'David Tshikalanga' (enige 2 x 1) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C - V2]*

- Om die blaam weg van die Nasionale Party (NP)-regering te verskuif/om die Suid-Afikaanse publiek te mislei/ondersoek na die moord
- Om 'n swak reputasie vir die ANC te skep
- Om geheime operasies van askari's en staatsagentskappe te verberg
- Om konflik binne die ANC aan te hits
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.3 *[Vasstelling van bruikbaarheid van bewyse uit Bron 2C – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit is 'n transkripsie wat eerstehandse inligting gee oor die moord van Griffiths Mxenge
- Die getuienis is deur Dirk Coetzee gegee wat die bevelvoerder van die moordbende op Vlakplaas geword het
- Die getuienis het op 5 November 1996 plaasgevind wat presies was toe die WVK-verhore plaasgevind het
- Die bron gee ons insig oor die metode wat die spesiale magte gebruik het om Griffiths Mxenge te vermoor/insluitend die name van diegene wie verantwoordelik was vir sy moord
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 2B en 2C om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun – V3]*

- In Bron 2B word slagoffers of oortreders uitgenooi om te praat teen menseregteskendings op hul familielede en in Bron 2C verskyn Dirk Coetzee voor die WVK om vir amnestie aansoek te doen vir menseregteskendings wat hy gepleeg het
- In Bron 2B word slagoffers uitgenooi om te praat met die doel om 'n pad na versoening te begin en in Bron 2C verbind Dirk Coetzee homself tot volle onthulling vir versoening en amnestie
- Bron 2B beklemtoon dat mense die waarheid oor moord moes vertel en dit word in Bron 2C ondersteun toe Dirk Coetzee die waarheid vertel oor sy betrokkenheid by die moord van Griffiths Mxenge
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Onttrekking van bewyse in Bron 2D – V1]*

- 'Dirk Coetzee'
- 'David Tshikilanga'
- 'Almond Nofomela' (enige 2 x 1) (2)

2.5.2 *[Onttrekking van bewyse in Bron 2D – V1]*

- Coetzee op die 'advies, opdrag of bevel van een of meer senior lede van die veiligheidstak van die gewese SA Polisie' opgetree het nie.
- 'Volgens die bewyse voor ons is ons tevrede dat geen een van die aansoekers die oorledene, Mxenge, geken het
- ‘ ... of enige rede gehad het om sy dood te veroorsaak …'
- '... hulle gedoen het omdat hulle dit as hulle plig as polisiemanne beskou het wat in die stryd teen die ANC en ander bevrydingsorganisasies gewikkel was.' (enige 2 x 1) (2)

2.5.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*

- Hulle wou hê dat die oortreders vir moord gestraf moes word (vergeldende geregtigheid)
- Hulle was nie ten gunste van herstellende geregtigheid nie
- Hulle het nie geglo dat genesing en versoening kan plaasvind op die basis van die waarheid vertel nie/dit was versoening sonder geregtigheid
- Hulle het geglo dat die WVK oortreeder vriendlik was
- Die familie was nie geraadpleeg nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die WVK is gestig om menseregteskendings wat gedurende apartheid gepleeg is, te ondersoek (Bron 2A)
- Die WVK is gestig om oortreders van menseregteskendings amnestie te gee in ruil vir die volle waarheid (Bron 2A)
- Die WVK het marteling, moord en ontvoering as sommige van die menseregteskendings geïdentifiseer (Bron 2B)
- Die WVK het slagoffers aangemoedig om na vore te kom en te praat om sodoende versoening te fasiliteer (Bron 2B)
- Dirk Coetzee het om amnestie aansoek gedoen vir sy betrokkenheid by die moord van die ANC-aktivis Griffiths Mxenge (Bron 2C)
- Dirk Coetzee is 'n kans gegee om sy storie voor die WVK te vertel en om die volle waarheid te onthul (Bron 2C)
- Die WVK was oortuig dat Dirk Coetzee die volle waarheid vertel het en dat hy 'n politieke motief gehad het vir die moord van Griffiths Mxenge (Bron 2D)
- Die WVK het amnestie aan Dirk Coetzee toegestaan vir die moord van Griffiths Mxenge (Bron 2D)
- Die WVK het opgetree volgens die riglyne vir die Wet op Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, 1995 (Wet 34 van 1995) (Eie kennis)
- Die Mxenge-familie het nie die WVK se besluit goedgekeur nie en wou vergeldende geregtigheid hê (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die Waarheids-en-Versoenings kommissie (WVK) met moord op politieke aktivis Griffiths Mxenge hanteer het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe die Waarheids-en-versoeningskommissie (WVK) die moord op politieke aktivis Griffiths Mxenge hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die Waarheids-en-versoeningskommissie (WVK) die moord op politieke aktivis Griffiths Mxenge hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE WÊRELDWYE COVID-19-PANDEMIE OP SUID-AFRIKA GEHAD?**

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

a)
- **Die Wêreld** - 'is in nouer kontak' (1 x 1) (1)

b)
- **Mense** - 'maklike interaksie met mekaar sonder om enige ernstige grense te konfronteer' (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

a)
- **Voordelig** - 'dit het sosio-ekonomiese ontwikkeling gestimuleer (1 x 1) (1)

b)
- **Nadelig** - 'dit het 'n kanaal vir die verspreiding van siektes geword' (1 x 1) (1)

3.1.3 *[Definisie van 'n historiese konsep in Bron 3A - V1]*
- **Globalisering** is 'n proses waardeur die wêreld meer integreer en verbind geword het/verbinding van grense as gevolg van tegnologie
- Globalisering beskryf die manier waarop mense, goedere, geld en idees vinniger en goedkoper as ooit tevore rondom die wêreld beweeg word. Dit is grootliks te danke aan beter vervoer, kommunikasie en tegnologie
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron3A - V2]*
- Beweging van mense met vliegtuie
- Beweging van mense met skepe
- Beweging van mense met treine
- Beweging van handelsgoedere deur lug en see vervoer
- Die rol van die media
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'Die Wêreldgesondheidsorganisasie'/'WGO' (1 x 1) (1)

3.2.2 *[Verduideliking van 'n histories term in Bron 3B – V2]*
- 'n Siekte wat wêreldwyd voorkom - alle kontinente affekteer
- 'n Wêreldwye siekte wat deur die coronavirus veroorsaak word/ aansteeklik is en spoedig besmetting versprei deur middel van nies/hoes wanneer mense in noue kontak kom sonder die dra van 'n masker of wanneer besmette oppervlakke met die hand geraak word en dan die mond aanraak
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3B - V2]*

- Om te voorkom dat meer mense dit kry/besmet word met die virus omdat daar geen entstof is om besmette mense te behandel nie/verminder die getal hospitaal toelatings/verminder die getal noodgevalle/strerftes
- Om die aantal mense wat besmet is, te verminder - om die kurwe plat te maak
- Om die verspreiding van die virus te verminder
- Om die ekonomie te beskerm
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- 'Italië'
- 'Iran'
- 'Suid-Korea'
- 'Spanje'
- 'Duitsland'
- 'Amerika'
- 'Verenigde Koningryk'
- 'China' (enige 2 x 1) (2)

3.3

3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- 'Armoede'
- 'Ongelykheid' (enige 1 x 1) (1)

3.3.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3C - V2]*

- Baie van hulle was informele werkers wat nie meer uit kon gaan om 'n inkomste te verdien nie
- Baie van hulle het werkloos geword
- Hulle kon nie meer uitgaan om werk te gaan soek nie
- Informele werkers is verhinder om voort te gaan met los werke as gevolg coronavirus-beperkinge
- Diegene wat straatsmouse was, het hul kliënte verloor want hulle het die grendeltydperk eerbiedig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C - V1]*

- 'werkloosheid is meer as 'n staat/toestand van nie werk nie'
- 'dit beteken om bekommerd te wees om in staat te wees om alledaagse basiese benodighede te kan bekostig'
- 'hoe om jou kinders skooltoe te stuur'
- 'hoe om gesond en gevoed te bly'
- 'dit beteken om bekommerd te wees van hoe om toegang tot gesondheid sorg te verkry' (enige 2 x 1) (2)

3.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C - V1]*

- 'Dit is as gevolg van die dinamiek van ruimtelike beplanning'
- 'die gebiede is grotendeels onderontwikkel'
- 'oorbevolk'
- 'het swak sanitasiegeriewe'
- 'gebrek aan lopende water in baie lae inkomste gemeenskappe
- ''n swak gestruktureerde openbare gesondheid stelsel' (enige 2 x 1) (2)

3.3.5 *[Vasstelling van beperkinge van Bron 3C – V3]*

- Die bron is eensydig en gee slegs Futshane se siening van hoe die grendeltydperkregulasies die armes in Suid-Afrika geraak het
- Die bron skep die indruk dat die streng grendeltydperk wat Suid-Afrika toegepas het, verkeerd was
- Die bron gee nie insae oor hoe die grendeltydperk die middelklas en rykes geraak het nie
- Die bron skep die indruk dat slegs die armes geraak is deur die grendeltydperk
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4

3.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron3D- V2]*

- Arm Suid-Afrikaners het hulle tussen twee vyande bevind , Covid-19 aan die een kant en armoede en hongerte aan die ander kant
- Die gevaar wat Covid-19 en armoede en hongerte ingehou het sal die armes dood maak – grafte in die agtergrond
- Daar is niemand om kos te skenk toe die armes uitgegaan het om te bedel nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron3D- V2]*

- Covid-19 het die armes in die gevaar van armoede, hongerte en dood gestel (skoene van die ma)
- Arm Suid-Afrikaners was bang vir die Covid-19-pandemie weens die sterftes wat dit veroorsaak het (grafte in die agtergrond; doodsengel simbool van die dood, hand van die dood wat deur Covid-19 verteenwoordig word)
- Die Covid-19-pandemie was 'n bedreiging vir lewensbestaan van die armes (die armes het honger gely – leë bord van die ma)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 3B en 3C om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun – V3]*

- Bron 3C beklemtoon dat armoede en ongelykheid verhoog is deur die Covid-19-pandemie en Bron 3D wys 'n beeld van die simbool van die doodsengel wat armoede en hongerte van die armes verteenwoordig
- Bron 3C beklemtoon dat die streng grendeltydperk armoede onder arm Suid-Afrikaners verhoog het en Bron 3D wys 'n armoedige ma (swak geklee, stukkende skoene) wat uitgaan om Covid-19 te konfronteer.
- Bron 3C beklemtoon dat werkloosheid beteken om bekommerd te wees of jy nie in staat sal wees om daaglikse benodighede te bekostig en Bron 3D wys hoe die ma uitgaan om vir kos te gaan soek (bord in haar hand gemerk die armes)
- Bron 3C verwys na arm Suid-Afrikaners wat bang en bekommerd is oor hul welsyn en Bron 3D wys die moeder en haar baba met gesigte wat bekommerd lyk, vreesagtig en bekommerd is oor hul oorlewing
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Globalisering het die vrye beweging van mense van verskillende stede, lande en kontinente moontlik gemaak wat bygedra het tot die verspreiding van Covid-19 oor die hele wêreld en Suid-Afrika (Bron 3A)
- Die tegnologiese vordering van globalisering het die coronavirus in 'n pandemie verander (Bron 3A)
- Op 15 Maart 2020 het President Ramaphosa nasionale maatreëls aangekondig om die verspreiding die coronavirus in Suid-Afrika te vertraag (Bron 3B)
- Die Suid-Afrikaanse regering het 'n nasionale en internasionale reisverbod implementeer om die verspreiding van die coronavirus te beperk (Bron 3B)
- Baie arm Suid-Afrikaners het hul werk verloor as gevolg van die harde grendel tydperk (Bron 3C)
- Arm Suid-Afrikaners ondervind armoede en hongerte (Bron 3C)
- Armoede en ongelykheid was verhoog weens die Covid-19 pandemie (Bron 3C)
- Townships en informele nedersettings het Covid-19-brandpunte geword en het meer mense verarm (Bron 3C)
- Arm Suid-Afrikaners het desperaat geword omdat hulle honger gely het en het uitgegaan om kos te gaan soek (Bron 3D)
- Suid-Afrika se aanvanklike beperkte toegang tot entstowwe het meer mense aan die virus blootgestel (Eie kennis)
- Aanleiding gegee tot lewensverlies (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen begrip oor watter impak die wêreldwye Covid-19-pandemie op Suid-Afrika gehad het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor watter impak die wêreldwye Covid-19-pandemie op Suid-Afrika gehad het**<br>• Gebruik bewyse op ʼn basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon 'n deeglike begrip oor watter impak die wêreldwye Covid-19- pandemie op Suid-Afrika gehad het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate kon krities bespreek hoe Steve Biko en die filosofie van Swart Bewussyn swart Suid-Afrikaners gemobiliseer het om die beleid van die apartheid regering gedurende die 1960s en 1970s teen te staan

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet krities bespreek hoe Steve Biko en die filosofie van Swart Bewussyn swart Suid-Afrikaners gemobiliseer het om die apartheidsregering gedurende die 1960's en 1970's teen te staan. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument gaan ondersteun.

**UITBREIDING**

- Politieke vakuum (Agtergrond inligting)
  - Geskep nadat die ANC en PAC politieke leiers en partye verban of tronkstraf gedurende die 1960 gekry het.
- Mobilisering van swartes
  - Swartes met 'n gevoel van trots gelaat
  - Om hulleself te aanvaar/om selfvertroue te hê/selfversorgend/begrip van identiteit
  - Bemagtig swartes om die gees van selfbejammering; minderwaardigheid kompleks; selfvervreemding en oorheersing deur eksterne magte te verwerp
  - Die stigting van SB was deur die apartheid regering aan die begin verwelkom omdat hulle dit beskou het as ‘n verlenging van aparte ontwikkeling was
- Politieke mobilisasie
  - Swart studente het begin om hulself te organiseer deur wit oorheersing te verwerp deur van NUSAS weg te breek en SASO te stig (1968)
  - Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aanvaar (Rol van Biko/SASO)
  - SASO was vir universiteitstudente en SASM vir skole
  - SB gee aanleiding tot die stigting van die Swart mense se Konvensie (BPC) in 1972 wat studente, kerkgemeenskappe en werkersunies ingesluit het
  - Unies wat hulle vereenselwig het met die SB-filosofie het die Swart Ouers Vereniging (Black Parents Association) en Black Allied Workers Union (BAWU) ingesluit
  - Suid-Afrikaanse Studentebeweging is in 1972 gestig wat swartes het aan die ideale SB blootgestel
  - Skorsing van Tiro wat aanleiding gee tot studente betogings
  - BCM en SASO organiseer die FRELIMO-byeenkoms (1974)
  - Skorsing van universiteit studente
  - Die inhegtenisname van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog
- Studentemobilisasie
  - Bantoe-onderwys het Afrikaans as onderrigstaal in skole ingestel (1975)

- SASO en SASM het die stigting van die Soweto Studente Verteenwoordigende Raad beïnvloed (SSVRC)
- Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans verwerp as die taal van die onderdrukker
- Sommige onderwysers en leerders is alreeds aan Biko se idees en SB- filosofie blootgestel deur SASO-studentonderwysers van die universiteite
- Die departementele omsendskrywe oor Afrikaans (50/50) was die katalisator vir die Soweto-opstand
- 16 Junie 1976 het studente vreedsaam protesteer teen die implementering van die omgangsbrief
- Polisie se reaksie op die studenteprotes (Hector Petersen, 'n 13-jaar-oue seun was die eerste slagoffer van die opstand)

- Mobilisasie deur middel van Gemeenskapprogramme
  - Biko se verbanning na King Williams Town lei het fokus afgelei na gemeenskap-programme
  - Mamphele Ramphele se verbanning na Tzaneen
  - SB ondersteun onafhanklikheid van wittes deur middel van die Swart Gemeenskapsprogramme oom swartes te ondersteun sonder wit ondersteuning. (Zanempilo Gesondheid Kliniek/Ginsburg Opvoedingstrust/ Zimele Trust Fonds/Solempilo Gemeenskapsggesondheidsentrum/Ithuseng Gemeenskapgesondheidprogramme en Winterskoolprojekte)
- Mobilisasie deur Arbeid
  - Mobiliseer werkers om unies te stig
  - SB gee aanleiding tot die stigting van die Black Allied Workers Union (BAWU) – werkers staking in Durban in 1973)
  - Dood van Biko (1977) in polisie aanhouding
  - 19 Oktober 1977 verbanning van 19 organisasie wat verbintenisse met SB gehad het
- Mobilisasie deur die Media
  - Rol van die media wat gesimpatiseer het met die SB-filosofie, bv. *The World en The Weekend World k*oerante was geluit
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 5**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate kon aandui tot watter mate toegewydheid en kompromie sleutelrolle gespeel het in die handhawing van die onderhandelingsproses wat uiteindelik aanleiding gegee het tot 'n nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika in 1994.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle opstelle insluit:
- Inleiding: Kandidate moet aandui tot watter mate toegewydheid en kompromie sleutel- rolle gespeel het in die handhawing van die onderhandelingsproses wat uiteindelik aanleiding gegee het tot 'n nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika in 1994. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument gaan ondersteun.

**UITBREIDING**
- Vrylating van Nelson Mandela op die 11 Februarie 1990 en verbanne politieke leiers in 1990 (toegewydheid en kompromie)
- Ontbanning van die ANC, die PAC en die SAKP en ander verbanne organisasies (toegewydheid)
- Groote Schuur Minuut, 2 Mei 1990 - NP het politieke gevangenes vrygelaat en beide partye het hulle daartoe verbind om geweld te beëindig en om te onderhandel (toegewydheid deur leiers van beide kante)
- Geweld in die Vaaldriehoek (Rol van verskillende politieke organisasies) ('n toets vir toewyding en kompromie)
- Pretoria Minuut in Augustus 1990 – ANC het die wapenstryd gestop en die NP het die noodtoestand gestop (toegewydheid en kompromie)
- Die Nasionale Vredesooreenkoms onderteken deur 27 politieke organisasies – het 'n veiligheidsnet vir onderhandelinge verskaf (toegewydheid)
- KODESA 1 (20 Desember 1991) - 19 politieke party behalwe die KP en PAC
- Partye kon nie saamstem oor magsdeling en grondwetlike vergadering nie - vergadering beëindig
- Die Verklaring van Voorneme – partye het ingestem om 'n nuwe grondwet en 'n tussentydse regering op te stel (toegewydheid en kompromie)
- Slegs wit referendum – De Klerk het wit menings getoets nadat drie tussenverkiesings aan die KP verloor het (wit toegewydheid getoets)
- Resultaat – wegholoorwinning Ja (aanduiding van toegewydheid van wittes) - onderhandelinge het voortgegaan
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – het nie lank aangehou nie as gevolg van geweld en onvermoë van partye om saam te stem oor magsdeling
- Boipatong-slagting en invloed van die Derde Mag (17 Junie 1992)
- Bisho-slagting (September 1992) – ANC-ondersteuners wat deel van die onderhandelingsproses wou wees (nog 'n toets vir toegewydheid)
- ANC doen 'n oproep vir uitgebreide massastakings teen die Nasionale Party (plaas druk op die NP vir toegewydheid)
- Rekord van Verstandhouding (September 1992) – Meyer en Ramaphosa verbind tot vrede en onderhandeling (toegewydheid en kompromie)

- Meyer en Ramaphosa stem saam met Joe Slovo se Sonsondergang-klousule (toegewydheid en kompromie)
- Partye wat meer as 5% van die stemme wen, sal 'n regering van nasionale eenheid vorm om die nuwe SA te regeer en wittes sal hul werk vir vyf jaar behou (toegewydheid en kompromie)
- Veelparty-onderhandelinge het by die Wêreldhandelsentrum begin maar het nie lank voortgeduur nie (toegewydheid)
- Die AWB het die onderhandelings op 15 Junie 1993 onderbreek toe hulle die Wêreldhandelsentrum met 'n gepantserde motor bestorm ('n toets vir toegewydheid)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) – Janusz Waluś ('n toets vir toegewydheid)
- Mandela spreek die nasie op TV toe (toegewydheid)
- St James Slagting (24 Julie 1993)
- Heidelberg aanvalle (30 Desember 1993 (skietery) (‘n toets vir toegewydheid)
- Shell House slagting (28 Maart 1994 (‘n toets vir toegewydheid)
- Datum vir die eerste demokraties verkiesing word vasgestel (27–29 April 1994) (toegewydheid)
- Voortslepende geweld dwarsdeur die verkiesing – motorbom buite die ANC-hoofkwartier
- Motorbom ontplof by Jan Smuts Lughawe (laaste pogings om toegewydheid te toets)
- Verkiesing gehou weens toegewydheid en kompromie
- Uitslag van die verkiesing: ANC 62,7%, NP 20,4% en IFP 10,5%
- ANC, NP en IFP vorm die Regering van Nasionale Eenheid soos ooreengekom in die Sonsondergang-klousule (toegewydheid en kompromie)
- Mandela word die eerste swart Staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika met Thabo Mbeki en FW de Klerk as sy adjunkte
- Enige ander relevante antwoord

**[50]**

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**VRAAG 6**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate kan aandui of hulle met die stelling saamstem of nie. Indien hulle met die stelling saamstem moet hulle verduidelik hoe Mikhail Gorbachev se hervormings (Perestroika en Glasnost) in die Sowjet Unie aanleiding gegee het tot die geboorte van 'n nuwe era van samewerking tussen die African National Congress (ANC) en die Nasionale Party (NP) in Suid-Afrika vanaf 1989. Indien hulle nie met die stelling saamstem nie moet hulle hul antwoord met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet saamstem of nie dat Mikhail Gorbachev se hervormings (Perestroika en Glasnost) in die Sowjetunie aanleiding gegee het tot die geboorte van 'n nuwe era van samewerking tussen die African National Congress (ANC) en die Nasionale Party (NP) in Suid- Afrika vanaf 1989. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument gaan ondersteun

**UITBREIDING**
- Sowjetunie in ekonomiese verknorsing (agtergrondinligting)
- Gorbachev neem leierskap van die Sowjetunie oor in 1985 en Perestroika en Glasnost in gestel
- Perestroika het kleinskaalse private eienaarskap toegelaat en regeringsbeheer oor produksie verwyder
- Glasnost het mense toegelaat om die regering te kritiseer
- Perestroika en Glasnost het gelei tot die eise vir die einde van kommunisme en volle demokrasie
- Dit lei tot die einde van kommunisme en die einde van die Koue Oorlog/Rusland word nie meer beskou as 'n supermoondheid nie/kommunisme word nie meer beskou as 'globale bedreiging' nie
- Val van die Berlynse Muur-1989
- Die VSA en sy bondgenote kon nie voortgaan om die apartheidsregime te ondersteun nie
- Die Weste het nou druk op die NP geplaas om met die ANC te onderhandel of voortslepende sanksies te verduur
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het druk op beide die Nasionale Party en die ANC geplaas om met onderhandelinge te begin
- Die nederlaag van die SAWM gedurende die Slag van Cuito Cuanavale in 1988 het die Nasionale Party aangemoedig om met kommuniste oor die onafhanklikheid van Suidwes-Afrika te onderhandel
- Suid-Afrika het uit Suidwes-Afrika onttrek – SWAPO het die verkiesing gewen (1990) en dit Namibië hernoem
- Die vreedsame oorgang vanaf wit minderheidsregering tot swart meerderheidsregering in Namibië het as 'n bloudruk vir Suid-Afrika gedien om dieselfde te doen (bydraende faktor)
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party-regering nie wit heerskappy regering onbepaald kan handhaaf nie (bydraende faktor)

- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord was vir die ontwikkeling van 'wit' ekonomiese belange nie (bydraende faktor)
- Die regering het begin glo dat hervorming nodig was vir die ontwikkeling van 'n sterk swart middelklas wat kan dien as 'n 'verskansing teen 'n rewolusie'
- Die Suid-Afrikaanse regering kon nie meer die bedreiging van kommunisme gebruik om Westerse ondersteuning te verkry nie
- Suid-Afrika kon nie meer staat maak op Westerse ondersteuning vir sy anti-kommunisme'-beleid nie.
- Wêreldpolitiek het verander en dit het 'n impak op Suid-Afrika se apartheidsbeleid gehad
- Die apartheidsregime kon nie langer kommunisme gebruik om hul rassesegregasie beleid te regverdig nie
- Die Nasionale Party se aanspraak dat dit Suid-Afrika van 'n kommunistiese aanslag beskerm, het onrealisties geword
- De Klerk het gedink dat die ANC swak sou wees en het sy gewilligheid getoon om met die ANC te onderhandel
- Die Sowjet unie kon nie meer die ANC finansieel ondersteun nie want dit was bankrot
- Die Sowjet unie wou nie meer wapens aan die ANC verskaf nie omdat dit ten gunste was van vreedsame onderhandelinge
- Die ANC was nie meer in staat om die wapenstryd teen die NP voort te sit sonder militêre en finansiële steun nie
- Die ANC het nou ook aangedui dat dit gewillig was om met die NP te onderhandel as 'n alternatief vir die wapenstryd
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie 'n sameswering was wat uit Moskou bestuur was nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies te onderhandel om 'n blywende oplossing vir Suid-Afrika te vind
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die ontbanning van alle anti-apartheid-organisasies aangekondig en dit het die weg gebaan vir veelpartysamesprekings
- Die samesprekings het uiteindelik gelei tot demokratiese verkiesings wat in 1994 gehou is

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**